# GNU ALGEMEEN OPENBARE LISENSIE

**Weergawe 2, Junie 1991**

**Kopiereg (C) 1989, 1991 Free Software Foundation, Inc.**
**59 Temple Place - Suite 330, Boston, MA 02111-1307, USA**

This is an unofficial translation of the GNU General Public License into Afrikaans. It was not published by the Free Software Foundation, and does not legally state the distribution terms for software that uses the GNU GPL--only the original English text of the GNU GPL does that. However, we hope that this translation will help Afrikaans language speakers understand the GNU GPL better.

Hierdie is 'n nie-amptelike vertaling van die GNU Algemeen Openbare Lisensie in Afrikaans. Dit is nie uitgegee deur die Free Software Foundation nie, en bepaal nie wettiglik die verspreidings-voorwaardes vir sagteware wat die GNU GPL gebruik nie--slegs die oorspronklike Engelse teks van die GNU GPL doen dit. Ons hoop egter dat hierdie vertaling Afrikaanssprekendes sal help om die GNU GPL beter te verstaan.

**Enige iemand word toegelaat om woordelikse kopieë van hierdie lisensie-ooreenkoms te kopieer en te versprei, maar om dit te verander word nie toegelaat nie.**

## VOORWOORD

Die lisensies van meeste sagteware is ontwerp om jou vryheid te ontneem om dit te deel of te verander. In teenstelling hiermee, is die GNU Algemeen Openbare Lisensie bedoel om jou vryheid te waarborg om vrye sagteware te deel en verander--om seker te maak die sagteware is vry vir al sy gebruikers. Hierdie Algemeen Openbare Lisensie is van toepassing op meeste van die Free Software Foundation sagteware en op enige ander program waar die skrywers verkies om dit te gebruik. (Sommige ander Free Software Foundation sagteware word beskerm deur die GNU Biblioteek Algemeen Openbare Lisensie.) Jy kan dit ook vir jou eie programme gebruik.

As ons van vrye sagteware praat, bedoel ons vryheid en nie die prys nie. Ons Algemeen Openbare Lisensies is ontwerp om seker te maak dat jy die vryheid het om kopieë van vrye sagteware te versprei (en geld te vra vir die diens as jy wil), dat jy die bronkode ontvang of kan kry as jy dit wil hê, dat jy die sagteware kan verander of dele daarvan gebruik in nuwe vrye sagteware; en dat jy besef dat jy hierdie dinge kan doen.

Om jou regte te beskerm, is ons verplig om beperkings daar te stel wat enige iemand verbied om hierdie regte van jou te ontneem, of vir jou vra om dit op te gee. Hierdie beperkings plaas sekere verantwoordelikhede op jou as jy kopieë van die sagteware versprei, of dit verander.

Byvoorbeeld, as jy kopieë van so 'n program versprei, hetsy gratis of vir 'n fooi, moet jy aan die ontvangers al die regte gee wat jy het. Jy moet seker maak dat hulle ook die bronkode ontvang, of kan kry. Jy moet hulle ook hierdie voorwaardes wys sodat hulle hul regte ken.

Ons beskerm jou regte met twee stappe: (1) plaas kopiereg op die sagteware, en (2) bied jou hierdie lisensie wat jou wettiglik toestemming gee om die sagteware te kopieer, te versprei en/of te verander.

Vir elke skrywer se beskerming, asook ons s'n, wil ons seker maak almal verstaan dat hierdie vrye sagteware nie gewaarborg is nie. As die sagteware deur iemand anders verander en aangestuur word, wil ons hê die ontvangers moet weet dat dit wat hulle het nie die oorspronklike is nie, sodat enige probleme wat deur ander veroorsaak word, nie die oorspronklike skrywers se reputasie sal raak nie.

Laastens, word enige vrye program konstant bedreig deur sagteware patente. Ons wil die gevaar vermy dat herverspreiders van 'n vrye program individuele patent lisensies kry, in effek deur die program vatbaar te maak vir eienaarskap. Om dit te vermy, maak ons dit duidelik dat enige patent vir almal se vrye gebruik gelisensiëer moet word, of andersinds glad nie.

Die presiese bepalings en voorwaardes van kopiering, verspreiding en verandering volg.

## BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN KOPIERING, VERSPREIDING EN VERANDERING

**0.** Hierdie Lisensie is van toepassing op enige program of ander werkstuk wat ’n nota bevat wat deur die kopiereghouer geplaas is, wat sê dat dit onder die voorwaardes van hierdie Algemeen Openbare Lisensie versprei mag word. Die “Program”, hieronder, verwys na enige sodanige program of werkstuk, en ‘n "werkstuk gebaseer op die Program" beteken enige Program of daarop gebasseerde werkstuk onder kopiereg: dit wil sê, ‘n werkstuk wat die Program of ‘n gedeelte daarvan bevat, óf woordeliks, of met veranderinge, en/of vertaal in ‘n ander taal. (Van nou af, is vertaling ingesluit sonder tekortkominge in die term “verandering”.) Elke lisensie-ontvanger word aangespreek as “jy”.

Aktiwiteite anders as kopiering, verspreiding of verandering, word nie gedek deur hierdie lisensie nie; dit is buite sy omvang. Die uitvoer van die Program word nie beperk nie, en die uitset van die Program word net gedek as die inhoud daarvan ‘n werkstuk skep, gebaseer op die Program (onafhanklik van dit wat geskep word deur die Program uit te voer). Of dit so is, word bepaal deur wat die Program doen.

**1.** Jy mag woordelikse kopië van die Program se bronkode kopieer en versprei soos jy dit ontvang, deur enige medium, solank jy ‘n toepaslike kopiereg-nota, asook ‘n afstanddoening van waarborge, opsigtelik en behoorlik op elke kopie publiseer; alle kennisgewings wat na hierdie Lisensie en die afwesigheid van enige waarborg verwys in stand hou; en enige ander ontvangers van die Program ‘n kopie van hierdie Lisensie gee saam met die Program.

Jy mag ‘n fooi vra vir die fisiese aksie om ‘n kopie oor te dra, en jy mag waarborg-beskerming bied teen ‘n fooi.

**2.** Jy mag jou kopie of kopië van die Program of enige deel daarvan verander, om sodoende ‘n werkstuk gebasseer op die program te vorm, en sulke veranderings of die veranderde werkstuk kopieer en versprei onder die voorwaardes van paragraaf 1 hierbo, solank jy ook die volgende voorwaardes nakom:

**a)** Jy moet sorg dat die veranderde lêers ooglopende kennisgewings bevat wat sê dat jy die lêers verander het asook die datum van enige veranderings.

**b)** Jy moet sorg dat enige werkstuk wat jy versprei of publiseer, wat in geheel of gedeeltelik die Program, of enige gedeelte daarvan, bevat of daarop gebaseer is, as ‘n geheel gelisensiëer word, sonder uitgawe aan enige derde-partye, en onder die voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

**c)** As die veranderde program normaalweg opdragte interaktief lees wanneer dit uitgevoer word, moet jy sorg dat, wanneer dit uitgevoer word vir sulke interaktiewe gebruik op die mees normale wyse, ‘n kennisgewing gedruk of vertoon word, wat insluit ‘n toepaslike kopiereg-nota en ‘n nota dat daar geen waarborg is nie (of alternatiewelik, dat jy ‘n waarborg lewer), dat gebruikers die program mag versprei onder hierdie voorwaardes, en die gebruiker sê hoe om ‘n kopie van hierdie lisensie te lees. (Uitsondering: as die Program self interaktief is maar nie normaalweg so ‘n kennisgewing vertoon nie, word daar nie vereis dat jou werkstuk gebasseer op die program die kennisgewing vertoon nie.)

Hierdie vereistes is van toepassing op die veranderde werkstuk as geheel. As onderskeibare gedeeltes van die werkstuk nie op die Program gebasseer is nie, en redelikerwys gereken kan word as aparte en onafhanklike werkstukke, sal hierdie lisensie en sy voorwaardes nie vir sulke dele wat jy as aparte werke versprei, geld nie. As jy egter hierdie gedeeltes versprei, as deel van ‘n groter geheel wat op die Program gebasseer is, moet die geheel onder die voorwaardes van hierdie Lisensie versprei word, en moet dit uitgebrei word om die regte van ander lisensie-ontvangers in ag te neem, ongeag wie enige ander deel geskryf het.

Dus, die bedoeling van hierdie paragraaf is nie om jou regte op te eis, of om jou regte tot werkstukke wat in totaal deur jou geskryf is te betwis nie; maar, die doel is om die regte uit te oefen om die verspreiding van gebasseerde of gesamentlike werke wat gebasseer is op die Program, te beheer.

Verder, sal die blote samevoeging met ‘n ander werkstuk, wat nie op die Program gebasseer is nie, met die Program (of met ‘n werkstuk gebasseer op die Program) op die volume van ‘n stoorruimte of verspreidingsmedium, nie die ander werkstuk onder die omvang van hierdie Lisensie bring nie.

**3.** Jy mag die Program kopiëer en versprei (of ‘n werkstuk daarop gebasseer, onder paragraaf 2) in objekkode of in uitvoerbare vorm, alleen onder die voorwaardes van paragrawe 1 en 2 hierbo, mits jy ook een van die volgende doen:

**a)** Dit vergesel met die volledige ooreenstemmende masjien-leesbare bronkode, wat onder die voorwaardes van paragraaf 1 en 2 hierbo versprei moet word deur middel van ‘n medium wat algemeen gebruik word vir oordrag van sagteware; of,

**b)** Dit vergesel met ‘n geskrewe aanbod, geldig vir ten minste drie jaar, om aan enige derde-party ‘n kopie van die volledig ooreenstemmende masjien-leesbare bronkode te verskaf, wat onder die voorwaardes van paragraaf 1 en 2 hierbo versprei moet word deur middel van ‘n medium wat algemeen gebruik word vir oordrag van sagteware, teen ‘n fooi van nie meer as jou koste om die fisiese verspreiding te doen nie; of,

**c)** Dit te vergesel met die informasie wat jy ontvang het ten opsigte van die aanbod om die ooreenkomstige bronkode te versprei. (Hierdie alternatief word toegelaat slegs vir nie-kommersiële verspreiding en ook slegs as jy die program in objekkode of uitvoerbare vorm ontvang het met so ‘n aanbod, in ooreenstemming met Subparagraaf b hierbo.)

Die bronkode van ‘n werkstuk beteken die voorkeurvorm van die werkstuk vir die aanbring van veranderinge daaraan. Vir ‘n uitvoerbare werkstuk, beteken volledige bronkode, die bronkode vir alle modules wat eersgenoemde bevat, plus enige geassosieerde koppelvlak-definisie lêers, asook die skripte gebruik om die samestelling daarvan te beheer en ook die installasie van die uitvoerbare lêer. As ‘n spesiale uitsondering egter, hoef die bronkode wat versprei word nie enige iets in te sluit wat normaalweg met die hoofkomponente (kompileerder, kernel, ens.) van die bedryfstelsel waarop die uitvoerbare lêer hardloop, versprei word(in bronkode of binêre vorm) nie, tensy daardie komponent self die uitvoerbare lêer vergesel.

As die verspreiding van uitvoerbare of objekkode gedoen word, deur toegang tot ‘n kopie vanaf ‘n gespesifiseerde plek te bied, word ekwivalente toegang om die bronkode vanaf dieselfde plek te kopiëer, as verspreiding van die bronkode gereken, al word derdepartye nie verplig om die bronkode saam met die objekkode te kopieer nie.

**4.** Jy mag nie die Program kopieer, verander, sublisensieer of versprei nie, behalwe soos uitdruklik voorsien in hierdie Lisensie. Enige probeerslag om andersinds die Program te kopieer, verander, sublisensieer of te versprei is ongeldig, en sal outomaties jou regte onder hierdie Lisensie beëindig. Partye wat egter kopieë of regte van jou ontvang het onder hierdie Lisensie, se lisensies sal nie beëindig word nie, solank sulke partye binne die volle ooreenkoms bly.

**5.** Daar word nie van jou verwag om hierdie Lisensie te aanvaar nie, aangesien jy dit nie geteken het nie. Maar, niks anders gee jou toestemming om die Program of daarop gebasseerde werkstukke te versprei of te verander nie. Sulke aksies word deur die reg verbied as jy nie hierdie Lisensie aanvaar nie. Dus, deur die Program (of enige werkstuk gebasseer op die Program) te verander of te versprei, dui jy daardeur jou aanvarding van hierdie Lisensie aan, asook al sy bepalings en voorwaardes vir kopiëring, verspreiding of verandering van die Program en werkstukke daarop gebasseer.

**6.** Elke keer wat jy die Program (of enige werkstuk gebasseer op die Program) herversprei, ontvang die ontvanger daarvan outomaties ‘n lisensie van die oorspronklike lisensiehouer om die Program te kopieer, versprei of te verander, onderworpe aan hierdie bepalings en voorwaardes. Jy mag geen verdere beperkings op die ontvanger se regte, hierin gegee, plaas nie. Jy is nie verplig om nakoming van hierdie Lisensie deur derdepartye af te dwing nie.

**7.** Indien, as gevolg van ‘n hofbevel, of ‘n bewering van inbreuk op patentregte, of vir enige ander rede (nie beperk tot patent kwessies nie), voorwaardes op jou afgedwing word (hetsy deur ‘n hofbevel, ooreenkoms of andersinds) wat teenstrydig is met die voorwaardes van hierdie Lisensie, sal dit jou nie vrywaar van die voorwaardes van hierdie Lisensie nie. As jy nie so kan versprei dat jy tegelyk die voorwaardes van hierdie Lisensie, asook enige ander pertinente verpligtinge nakom nie, mag jy die

Program glad nie versprei nie. Byvoorbeeld, as ‘n patente lisensie nie voorsiening maak die vir heffingsvrye herverspreiding van die Program, deur almal wat kopiëe direk of indirek van jou ontvang nie, sal die enigste manier waarop jy beide dit en hierdie Lisensie kan bevredig, wees om glad nie die Program te versprei nie.

As enige gedeelte van hierdie paragraaf, onder enige omstandighede, as ongeldig of onafdwingbaar beskou word, word bedoel dat die res van hierdie paragraaf toegepas word, en sal die paragraaf as geheel steeds onder ander omstandighede toegepas word.

Dit is nie die bedoeling van hierdie paragraaf om jou aan te moedig om inbreuk te maak op enige patente of aansprake op ander eiendomsreg nie, of om die geldigheid van enige sulke aansprake te betwis nie; hierdie pragraaf se enigste doel is om die integriteit van die vrye sagteware verspreidings-stelsel te beskerm, wat geïmplimenteer word in openbare lisensie praktyke. Verskeie mense het groot bydraes gelewer tot die wye verskeidenheid van sagteware wat deur daardie stelsel versprei word; dit is die skrywer/donateur se eie keuse of hy of sy gewillig is om sagteware deur enige ander stelsel te versprei, en ‘n lisensie-ontvanger kan nie daardie keuse opdwing nie.

Hierdie paragraaf is daarop gemik om, wat geglo word die gevolge van hierdie Lisensie te wees, baie duidelik te stel.

**8.** Indien die verspreiding en/of gebruik van die Program in sekere lande beperk word, hetsy deur patente of deur kopiereg bepalings, mag die oorspronklike kopiereghouer wat die Program onder hierdie Lisensie plaas, ‘n spesifieke geografiese verspreidings-beperking daarop plaas wat daardie lande uitsluit, sodat verspreiding slegs toegelaat word in lande wat nie uitgesluit word nie. Is so ‘n geval sluit hierdie Lisensie die beperking in asof dit in hierdie Lisensie geskryf is.

**9.** Die Free Software Foundation mag hersiene en/of nuwe weergawes van die Algemeen Openbare Lisensie van tyd tot tyd publiseer. Sulke nuwe weergawes sal in gees soortgelyk wees aan die huidige weergawe, maar mag verskil in besonderhede as gevolg van nuwe probleme of bekommernisse.

Elke weergawe word ‘n unieke weergawe-nommer gegee. As die Program ‘n weergawe van hierdie Lisensie spesifiseer waarop dit van toepassing is, asook “enige latere weergawe”, het jy die keuse om die bepalings en voorwaardes van daardie weergawe te volg, of enige latere weergawe uitgegee deur die Free Software Foundation. As die Program nie ‘n weergawe-nommer van hierdie Lisensie spesifiseer nie, mag jy kies om enige weergawe wat ooit deur die Free Software Foundation uitgegee is, te gebruik.

**10.** Indien jy dele van die Program in ander vrye programme wil insluit, waarvan die verspreidings-voorwaardes verskil, skryf aan die skrywer om toestemming te vra. Vir sagteware wat by die Free Software Foundation onder kopiereg is, skryf aan die Free Software Foundation, aangesien ons soms uitsonderings hiermee maak. Ons besluit sal deur twee doelwitte gerig word, naamlik bewaring van die vrye status van alle weergawes afgelei van ons vrye sagteware, asook die bevordering van die verspreiding en hergebruik van sagteware in die algemeen.

## GEEN WAARBORG

***11. Aangesien die program as gratis gelisensiëer is, is daar tot die mate wat toepaslike wetgewing toelaat, geen waarborg vir die program nie. Tensy anders op skrif vermeld word, verskaf die kopiereghouers en/of ander partye die program “net soos dit is”, sonder waarborge van enige aard, uitdruklik of by implikasie. Hierby ingesluit, maar nie daartoe beperk nie, word die geïmpliseerde waarborge van verkoopbaarheid en bruikbaarheid vir ‘n spesifieke doel uitgesluit. Die totale risiko met betrekking tot die kwaliteit en prestasie van die program lê by jou. As die program foutief is, aanvaar jy die koste van alle nodige dienste, herstelwerk of korreksies.***

***12. Onder geen omstandighede, tensy deur toepaslike wetgewing vereis, of indien so ooreengekom op skrif, sal enige kopiereghouer of enige ander party wat die program mag verander en/of herversprei soos hierbo toegelaat, nie aanspreeklik wees vir jou skade nie,***

***insluitend enige algemene, spesiale, toevallige, of gevolgskade wat mag voortspruit uit die gebruik darvan, of onvermoë om dit te gebruik (insluitend maar nie beperk tot die verloor van data, of data wat onakkuraat geraak het, of verliese deur jou of deur derdepartye gely, of die onvermoë van die program om saam met enige ander programme te werk), selfs indien so 'n houer of derdeparty in kennis gestel was van die moontlikheid van sulke skade.***

***-- EINDE VAN BEPALINGS EN VOORWAARDES --***